

Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-1:1, 8 (26:1, 8)

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,
deur wolke en donkerheid omswewe, / sy wet op Horeb het gegee:
- 8 Jy mag nie doodslaan, jou nie wreek nie, / maar liefde moet jou steunsel wees.
Jy mag die heil'ge eg nie breek nie, / maar, kuis van hart, die Here vrees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 92:1, 2 (p. 466)

- 1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?
- 2 Wie sou die troue HEER nie – / Hom wat sy gunste ons bied – / met hooggestemde lied
by harp- en luitspel eer nie? / Hy maak weer los my bande, / Hy maak my tong weer vry;
ek roem sy daede bly, / die werke van sy hande.

Gebed

Psalm 128:1, 2 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.
- 2 Soos ons met welgevalle / die wingerdstok aanskou,
en tel die trossetalle / wat ons die blare ontvou
so sal sy in jou lewe, / die huisvrou van jou jeug,
aan jou die volheid gewee / van huiselike vreug.

Skriflesing: Efesiërs 5:21-32; Heidelbergse Kategismus, Sondag 41:108

Kernvers: Efesiërs 5:21-24

Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.

Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is. Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk. Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.

(Efesiërs 5:21-24 AFR83)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 108

Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord:

Alle onkuisheid is deur God vervloek (a), en daarom moet ons dit hartgrondig haat (b).

Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (c) sowel binne as buite die huwelik (d).

(a) Lev 18:28. (b) Jud 1:23. (c) 1 Tess 4:3-5. (d) Heb 13:4; 1 Kor 7:7.

Tema: Die vrou se nuutgemaakte verhouding met haar man

Geliefde broers en susters van Here Jesus Christus, vir diegene wat verlede Sondagand gehoor het hoe die Here wil hê dat ons manne ons verantwoordelikheid in die huwelik moet nakom, wil ek graag vra: Het daar al 'n verandering gekom? Gaan dit vanaand beter in jou huwelik as wat dit 'n week gelede gegaan het? Ek vertrou dat jy hartlik sal kan sê:

Ja, dankie, my man is regtig gehoorsaam aan sy Verlosser Jesus Christus. As jy egter nie vanaand so kan sê nie, suster, raai ek jou aan om vir jou man te bly bid, bestudeer weer saam met hom die opdrag wat die Here Jesus aan hom gee hier in Efesiërs 5, lees weer die beloftes wat julle albei gemaak het aan die Here en doen wat die Here vanaand vir jou gaan leer.

Wanneer dit by verhoudings kom, is ons eintlik maar blootgestel, want ons almal weet hoe seer ons kan kry in daardie naby-verhoudings waarin die Here ons geplaas het. As iemand buite jou huisgesin jou te na kom, maak dit seer. Maar as iemand vir wie jy lief is en omgee jou te na kom, maak dit diep seer, so seer dat dit vir jou voel asof jou hele wêreld sommer in duie stort. Hoe oorwin 'n mens nou so 'n krisis sodat jou huwelik van 5, 10 of selfs 40 jaar weer kan wees soos wat dit op daardie heel eerste dag van jou getroude lewe was.

Ons Christene is eintlik baie bevoorreg. Ons hemelse Vader weet van elke krisis wat ons beleef. Hy weet ook dat sy kinders soms hardkoppig en eiewys sal optree en dit gaan krisis in hulle huwelik veroorsaak, daarom het Hy vir ons vooraf al die oplossing neergeskryf om die krisis te oorwin. As jou huwelik tans benoud is omdat jy of jou huweliksmaat selfsugtig geraak het en julle nie meer doen wat julle aan die begin belowe het om te doen nie, moenie dink dat die Here julle nou maar gaan los om maar net al verder van mekaar af weg te dryf nie. Vanaand gaan Hy julle bystaan met raad en hulp. Hy het immers die huwelik ingestel. Hy het julle in die huwelik bevestig, daarom kan gelowiges seker wees van die Here se hulp en bystand selfs wanneer hulle dit nie verwag nie.

Ons het vanaand weer gehoor dat die Here aan die man en die vrou elkeen eintlik maar net een opdrag gee om in die huwelik na te kom. Vir ons manne sê die Here: Mans, julle moet julle vrouens liefhê. En ons het verlede Sondag gehoor wat die Here presies met hierdie opdrag bedoel. Vir die vrouens sê die Here: Vrouens wees aan julle mans onderdanig. Hierdie woorde is net so in ons huweliksformulier ook opgeneem.

Ons wat vandag leef, en veral die vrouens, sal maklik vra: Is hierdie woorde nie lank reeds uitgedien nie? Word ons met so 'n opdrag nie weer terugverplaas na die tyd van ons oupas en oumas nie? Het 'n vrou dan nie gawes sodat sy op haar eie kan staan nie en moet sy nie aangemoedig word om haar gawes te gebruik en te ontwikkel nie?

Om antwoord op hierdie vrae te gee, moet ons mooi kyk wat in ons eerste kernvers geskryf staan:

Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig. (Efesiërs 5:21 AFR83)

Hierdie woorde gee aan die man en die vrou presies dieselfde opdrag, want 'n vrou is wat gawes en vermoëns betref glad nie minderwaardig teenoor haar man nie. Inteendeel, die Here het die vrou nie met minder as die man geskep nie. Die man sowel as die vrou is na die beeld van God geskep. Man en vrou het ewe ver en diep in die sonde geval. Jesus Christus het ewe veel gely en sy bloed gestort vir die man en die vrou. Albei het die Heilige Gees ontvang en natuurlike gawes om die Here te dien. Wanneer die Here dan sê dat die vrou haar aan haar man moet onderwerp, beteken dit glad nie dat die man fisies, emosioneel, verstandelik, geestelik of finansieel altyd sterker as sy vrou is nie. Nee, hierdie opdrag het alles te doen met die rede waarom God die vrou geskep het.

Kom ons staan net eers vir 'n oomblik stil by hierdie eerste kernvers. *Onderdanig* wees het vir baie mense 'n vloekwoord geword. Kyk maar net rond. Oral word gesag uitgedaag.

Mens het die idee dat ons in 'n tyd van bevryding lewe, en daarom moet alles wat 'n sweempie van onderdanigheid het met veragting behandel word.

Die vraag is nou, moet ons Christene geheel en al teen bevryding wees omdat baie sogenaamde bevryde mense gesag verwerp? Ek glo nie ons kan die gedagte van bevryding sommer heeltemal verwerp nie. In die geskiedenis is daar tragiese voorbeelde van vrouens wat uitgebuit is en slegter as honde behandel is. Net so is daar voorbeelde van kinders wat mishandel is in die naam van dissipline. Daarom kan ons nie geheel en al negatief teenoor bevryding staan nie. Maar dan is dit bevryding wat gekwalifiseer word. Bevryding moenie tot wetteloosheid en chaos lei nie.

Wanneer die Here sy wil oor ons naby-verhoudings openbaar, staan dit nie teenoor die ware bevryding van mense wat uitgebuit, verneder en verdruk word nie. Intendeel, dit is aan Christus te danke dat gelowiges hulle vrouens, kinders en slawe al in die Nuwe-Testamentiese tyd anders behandel het. Jesus het vrouens met waardigheid en eerbied behandel in 'n samelewing waar hulle gesien is as besittings van hulle mans en niks meer nie. Jesus het kinders by Hom verwelkom in 'n tyd toe ongewensde kinders op ashope gelos is om te sterf of op straat neergesit is om deur iemand anders as slawe of prostitute grootgemaak te word. Jesus het gewys dat handarbeid nie onmenslik is nie. Hy het selfs die slegste slawewerk gedoen deur sy dissipels se voete te was. Ware bevryding begin juis by Jesus Christus. En wat hier geskryf staan vir vrouens is mos nie in teenstelling met wat Jesus gedoen het nie.

Uit Jesus se optrede en onderrig word drie sake oor vrouens vir ons duidelik:

- Vrouens is ook waardig; hulle is nie maar net goeters nie;
- ongeag die geslag van 'n mens: voor die Here is alle mense gelyk en na die beeld van God geskep; en
- tussen alle mense wat in Christus glo, is daar 'n diepgewortelde eenheid – hulle is een liggaam van Christus, die een volk van God.

As die Here ons leer dat vrouens onderdanig moet wees, beteken dit nie dat hulle minderwaardig is nie. Onderdanig en minderwaardig is nie dieselfde nie. Ongelukkig is dit hoe baie mense onderdanig verstaan, want hulle verstaan gesag nie soos wat die Here dit bedoel het nie. Daar is mense wat reken gesag is gelyk aan oorheersing en baasspeel. Om gesag en onderdanig behoorlik te begryp moet ons aan die volgende onderskeid vashou. Voor God is alle mense gelyk en ewe waardig. Aan sommige mense het die Here egter die gesag gegee om leiding te neem. In die huwelik is die man deur die Here aangestel om leiding te neem. Wanneer vrouens dan aan hulle mans onderdanig is, is hulle onderdanig aan die gesag van die Here wat deur hulle mans bedien moet word. So is jy, vrou, dan eintlik onderdanig aan die Here deur onderdanig te wees aan jou man wat die Here as hoof van die huisgesin aangestel het.

Die mense wat die gesag van die Here moet bedien, en manne hier moet ons goed luister, mag nooit hulle posisie as hoof van hulle vrouens misbruik nie. Die gesag bring verantwoordelikheid mee. Ons is verantwoording aan God verskuldig oor hoe ons die gesag beoefen. Ons is ook verantwoording verskuldig aan ons vrouens teenoor wie ons die gesag moet beoefen, want die beoefening van die gesag moet altyd tot hulle voordeel wees en tot eer van God, anders is die huwelik nie kuis nie.

Om dan saam te vat: Gesag beteken nie om te oorheers en te onderdruk nie, en onderdanig beteken nie om minderwaardig of selfs waardeloos te wees nie.

Kom ons kyk nou hoe lyk die nuutgemaakte verhouding van die vrou met haar man in die huwelik. Ons het vroeër gesê dat die opdrag wat die Here aan die vrou hier gee alles te doen het met die rede waarom God die vrou geskep het. Voordat ons in Genesis 2 kan kyk hoekom God die vrou geskep het, moet ons eers weer mooi kyk na ons kernverse. Kom ons luister weer:

Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is. Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk. Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees. (Efesiërs 5:22-24 AFR83)

Wanneer die Here sê hoe die vrou onderdanig moet wees, sê Hy dat die vrou dit moet doen soos wat die kerk aan Christus onderdanig is. Die Here vergelyk die man se verhouding tot sy vrou met sy eie verhouding tot sy kerk. Christus is hoof en die man is hoof. Die kerk is onderdanig en die vrou is onderdanig. Hierdie vergelyking kom ook uit die Ou Testament.

Die mens – man en vrou afsonderlik maar ook in hulle verhouding met mekaar – is geskep om die beeld van God te vertoon. Na die skepping het die Here Homself nie van sy skepping en sy mense onttrek nie. Hy was met hulle in 'n verhouding. Hy het hulle versorg met getrouheid en liefde. Adam moes in sy verhouding met Eva hierdie beeld van God vertoon. En Eva moes in haar verhouding met Adam wys hoe die mense God vertrou en hulle onderwerp aan die volmaakte sorg van die Here. Ons kom later weer terug hierna.**

Nou eers die vraag: Hoekom het God die vrou geskep? Adam is geskep om die beeld van God te vertoon. Maar daar was 'n leemte. Hoe kon Adam beeld wees van God se liefdevolle en getroue versorging as daar nie iemand was teenoor wie Hy dit kon betoon nie. God het die vrou, enersyds, geskep omdat die man iemand nodig gehad het om met liefde te versorg. Die Heilige Gees skryf in 1 Korintiërs 11:9 dat die vrou ter wille van die man geskep is. Die vrou is nie geskep om as enkeling self vervulling te soek nie. Sy is geskep sodat die man die beeld van God volledig kan vertoon – hy het haar nodig, sê die Here. Daarmee word dan ook gesê dat die vrou die man nodig het om die beeld van God te vertoon.

Geliefde susters, julle rol om julle mans volledig te maak in sy opdrag om beeld van God te wees, lê opgesluit in die woord *help* of *helper*. Jou man het hulp nodig, en jy is die een wat daardie hulp aan hom kan gee. Daar word niks vernederends bedoel met die benaming *helper* nie. Ons leer immers die Here ons God in die Bybel ken as die Helper van mense. Daar is absoluut niks vernederends daarin dat die Here mense help nie. Intendeel, in sy verhouding met mense is dit tot verheerliking van Homself dat God mense help.

Vrouens help hulle mans deur sorg te dra vir hulle huishoudings. 'n Gelowige vrou wat helper is soos die Here bedoel het, se man sal haar vertrou en weet dat hy niks sal kortkom nie. Hy weet ook dat sy vir hom en sy huis nooit skade sal bring nie. Gaan lees maar rustig Spreuke 31 deur. Gaan kyk hoe is 'n vrou wat die Here dien se hulp vir haar man. 'n Vrou wat helper is van haar man, word deur haar man bewonder en haar kinders prys haar.

Susters van ons Here Jesus Christus, om onderdanig te wees aan jou man en om hom te help soos die Here bedoel, is 'n daad van geloof; dit is 'n daad van gehoorsaamheid –

gehoorsaamheid aan God. Jy leef dan jou geloof in God uit in jou verhouding met die mens met wie jy getroud is. Jou hulp aan jou man is daarom nie maar net 'n plig wat jy nou moet verrig nie. Jy doen dit omdat jy wil, want jou man vertoon die beeld van Christus deur jou met liefde en trou te versorg. En 'n vrou wat so met haar man saamleef, dra daartoe by dat ander mense God nie laster nie en nie sy Woord minag nie.

God het aan die man die hoofskap gegee waarmee hy sy vrou moet komplementeer. In hierdie rol as hoof sal die man sy God verheerlik. En aan die vrou het die Here die rol gegee, nie om te rebelleer teen haar man se hoofskap nie, maar om haarself gewillig en met vreugde daaraan te onderwerp. In hierdie rol as vrou sal sy haar God verheerlik.

Om nog beter begrip te kry oor die aard van die man se hoofskap, moet ons na Jesus Christus kyk. Die man is hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Uit Christus ontvang die kerk groeikrag en gesondheid, sodat sy volwasse kan word. Christus se hoofskap beteken dus eerder sorg as beheer, verantwoordelikheid in plaas van oorheersing. Hierdie waarheid word beklemtoon wanneer Paulus skryf:

Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk. (Efesiërs 5:23 AFR83)

Die hoof van die liggaam is die Verlosser van die liggaam. Die besondere karaktertrek van Christus se hoofskap is dat Hy nie soseer Here is nie, maar dat Hy Verlosser is. Om Christus as hoof te hê, beteken vir die kerk voordeel, veiligheid en geborgenheid. Dit is wat ons hoofskap ook vir ons vrouens moet beteken, manne van God.

As die man se hoofskap in die huwelik dan Christus se hoofskap afbeeld, beeld die vrou se onderdanigheid in die huwelik die kerk se onderdanigheid af. Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.

Die kerk se onderdanigheid aan Christus is nie soos dié van 'n hond wat stert tussen die bene naderkruip aan sy baas nie. Nee, deur die werk van die Heilige Gees word die kerk meer en meer gewillig en bereid om haarself onderdanig te maak aan Christus. Dit is eerder 'n gewillige en vreugdevolle oorgee van die kerk aan haar hoof, want Hy is haar Versorger en Beskermer. Hy het sy lewe vir haar oorgegee. Daarom is die onderdanigheid van 'n vrou aan haar man nie vernederend nie, nie 'n gedagtelose onderwerping aan sy heerskappy nie, maar 'n vreugdevolle en blye aanvaarding van sy versorging.

Ons sluit af. Op grond van hierdie vergelyking tussen Christus en die kerk aan die een kant, en die man en vrou aan die ander kant die volgende: In die huwelik moet die man Christus se verhouding met sy kerk weerspieël en die vrou moet die kerk se verhouding met Christus weerspieël. Wedersyds moet daar eintlik gepreek word. Ons as gemeente moet almal saam vir die getroude wys en leer hoe om onderdanig te wees. Getroude vrouens moet vir die hele gemeente wys en leer hoe om onderdanig te wees. As ons na onself kyk as gemeente en as getroude vrouens, doen ons dit regtig? As ons dit nie vir mekaar doen nie, sal dit geen wonder wees as huwelike ongelukkig is en 'n gemeente haar nie ten volle aan die Here oorgee nie.

Amen!

Slotgebed Psalm 127:1, 2 (p. 624)

- 1 Laat bouers bou al wat hul kan – / vergeefs is alles wat hul bou,
as God sy hand daaraan onthou. / Vergeefs, o wagte, waak jul dan,
as God jul nie wil gadeslaan, / sy oog nie oor die stadswal gaan.

- 2 Vergeefs om voordag op te staan, / vergeefs die werk-uur lank gemeet
en brood van smart met smart geëet, / nadat die dag al is gedaan.
God gee, hoe ander ook mag raap, / dit sy bemindes in die slaap.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap
van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
28 Desember 2014